## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Sydney | Carstens | 10/19 |
| Helene | Engelbrecht | 10/19 |
| Anet | Schriven | 10/19 |
| Chrisjan | Herfurth | 10/20 |
| Willie | vd Bergh | 10/20 |
| Tessa | vd Spuy | 10/20 |
| Ann | Jöhl | 10/21 |
| Riaan | Roeloffze | 10/21 |
| Kobus | Kemp | 10/22 |
| Mara | Schoombee | 10/22 |
| Flori | Storm | 10/22 |
| Gert | vd Westhuizen | 10/22 |
| Kempen | van Wyk | 10/22 |
| Pieter | Brits | 10/23 |
| Joleta | Kruger | 10/23 |
| Isabel | Uys | 10/24 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

19 Oktober 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 19/10**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Spesiale Kollekte:
Suideroord
Kategese

**EREDIENSTYE 26/10**
**Hervormingsfees**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte:
Basaar




### COENIE DE VILLIERS

Kaartjies vir ons koor se optrede saam met Coenie kan by Letty-Ann Möller (076 712 9026) bespreek word. Die konsert geskied op 20 Oktober in Bredasdorp se NG Kerksaal.

### KERSSANGDIENS - KOOR

Kom sluit by ons aan. Nou is die tyd! Ons begin in Oktober oefen aan ons repertoire vir KERSFEES! Ons oefen Donderdae in Struisbaaikerk, van 15h00. ALMAL is welkom! Kontak Christa-Marié by 0825562850.

### SUIDPUNT OMGEE CHAT GROEP

Stuur 'n WhatsApp aan Edna Coetzee by 0825842817 as jy wil aansluit by ons OMGEEGROEP. Hier deel ons lief en leed met mekaar.

### NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkgeboue.

**Teksvers vir die week: Gal 6: 2**

"Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers sy wet dat julle mekaar moet liefhê."

## Ons bid vir...

1. Gesondheidswerkers wat soms swaarder as die gemiddelde mens dra aan ander se laste
2. Die versorging van bejaardes, ook in Suideroord Ouetehuis, dat almal gelukkig sal wees in hulle omgewing en goed sal aanpas
3. Ons plaaslike gesondheids-werkers en versorgers
4. Ons koor se optrede Maandag saam met Coenie de Villiers. Dat almal veilig sal ry en elke lid fiks genoeg sal wees om te kan optree en dit vir almal 'n hoogtepunt sal wees

**Aandag!! Aandag!!**

Take Away Friday 24 Oktober. Oondgebakte Hoender, Rys, Groente of Slaai. Gebakte Poeding met Vla. R95-00 elk. Beperkte aantal beskikbaar. Kontak Edna 0825842817 / Madie 0822932336 voor Donderdag, 23 Oktober om 12 uur.

**MAMMA MIA!**

Op Vrydag, 31 Oktober, vier ons gemeente ons verjaarsdag met 'n heerlike ABBA KARAOKE.

Moenie nou al sê jy gaan nie sing nie, jy hóéf nie te sing nie. Kom kuier net saam en kom geniet Abba se musiek saam met ons.

Daar sal woorde op 'n skerm verskyn vir diegene wat die woorde saam met die musiek wil sing. Mat & Alida van Napier bring hulle eie toerusting saam vir die karaoke.

Daar sal ook 'n lys van populêre Engelse & Afrikaanse liedere wees om uit te kies.

Jy bring jou eie piekniekmandjie saam, maar tee of koffie word by die prys ingesluit (R50 per persoon, maar kinders onder 12 betaal net R30).

As jy wil, kan jy soos een van die Mamma Mia-karakters of soos 'n toeris op 'n Griekse eiland aantrek.

Datum: 31 Oktober

Plek: NG Kerk, Struisbaai

Tyd: 18h00 tot 22h00

Kaartjies is te koop by die Kerkkantoor ( Di tot Do van 08h00 tot 12h00)

BRING VRIENDE & FAMILIE SAAM!

# Doen & Deel

## Suideroord

Suideroord Ouetehuis bestaan al vanaf 1965. Die grond is deur die NG KERK beskikbaar gestel vir die bou daarvan. Die eerste R1000 is dan ook geskenk deur die NG Kerk en in 'n spesiale Ouetehuis Trustfonds gestort.

Kort- en langtermynversorging word verskaf.

**Dankie vir:**

1. Goeie versorging, ook in ons hospitale.
2. Gesondheid
3. Die geleentheid om saam met Coenie te kan optree.
4. Ons koor wat gegroei het tot meer as 40 lede
5. Die vooruitsig van 'n heerlike viering van ons gemeente se verjaarsdag by wyse van 'n Abba-aand. Mamma Mia!

## NOODSPENS

Dit is Suidpunt Gemeente se gebruik om elke nagmaalsondag iets vir die noodspens te bring. Daar is mandjies in die Kerk se voorportaal daarvoor.

**VIR ONS KINDERS (dinkjeug.co.za)**
**Vandag is dit BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE.**

'n Reënboog help ons onthou dat God vir ons sorg en omgee. Die reënboog se kleure kan ons help onthou om vandag saam te bid. Soek iets in die huis in elkeen van die volgende kleure. Gebruik die items om vir elkeen van die volgende sake te bid:

1. ROOI - Dankie vir Jesus se LIEFDE vir ons.
2. ORANJE - Ons bid vir DIENSBAARHEID, GEDULD & NEDERIGHEID.
3. GEEL - Help elkeen wat BANG of ALLEEN voel.
4. GROEN - Ons bid vir SIEK mense & mense wat VERSORG moet word.
5. BLOU - Ons bid vir GESONDHEIDS-WERKERS - dokters, verpleegsters & noodpersoneel.
6. PERS - Ons stel ons VERTROUE in GOD, ons KONING, wat vir ons SORG.
7. PIENK - Ons bid vir VEILIGHEID & GESONDHEID.

AKTIWITEIT - Maak 'n REËNBOOG - Verf of teken 'n helderkleurige reënboog en plak dit in julle huis se venster sodat mense van die straat af dit kan sien. As hulle vra waaroor dit gaan, vertel hulle hoe die reënboog 'n TEKEN is van HOOP & God se SORG. Of maak 'n helderkleurige dankiekaartjie om vir 'n gesondheidswerker te gee.